Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND
FEBRUARIE 2017
Bulletin
Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Veels geluk
AAN DIE KLAS VAN 2016!

Burgemeester Rudolph Smith wil graag die matrikulante en opvoeders van Hermanus Hoër, Curro Hermanus, Qhayiya Sekondêr, Gansbaai Akademie, Hawston Sekondêr en Northcliff House Kollege gelukwens met hul uitstekende prestasies en fantastiese uitslae in die 2016 Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen.

Die Overberg-distrik het die hoogste slaagsyfer (92,7%) in die land verwerf.

"Ons is bevoorreg om sulke goeie skole en toegewyde onderwysers in die Overstrand te hê. Ek wil alle leerders gelukwens wat die 2016-matriekeksamen suksesvol afgelê het. Ek wil ook ons matrikulante van 2016 bedank dat hulle ons dorpe bevorder en ons op die kaart geplaas het - hulle het ons werklik trots gemaak - dis vir ons 'n eer om met sulke hardwerkende individue vereenselwig te wees," het Burgemeester Smith gesê.

"My hartlike gelukwense gaan aan Conrad Strydom van Hermanus Hoër wat met 'n gemiddeld van 98% as die topresteerder in die land aangewys is.

"Dit is 'n uiters belangrike prestasie en ek wil erkenning gee aan die toegewyde opvoeders wat ons kinders voorberei om hierdie groot hoogtes te behaal.

"Mag dit ook dien as 'n motivering vir ons 2017-matrikulante en hulle aanspoor om hierdie hoë standaard van prestasie na te streef."

Burgemeester Smith het diegene wat nie so goed gevaar het nie, aangemoedig om nie moed op te gee nie. "Julle is geensins 'n mislukking as gevolg van een eksamen nie - onthou net, dis nie hoeveel keer jy val nie, maar eerder hoeveel keer jy na elke val kan opstaan."

"Overstrand het vaardighede nodig, en studies is die sleutel om persoonlike én ekonomiese groei te ontsluit. Om matriek te slaag en vir verdere studies en/of opleiding te registreer, is nodig om ons ekonomie van kritieke vaardighede te voorsien," het hy bygevoeg.

Van links na regs: Wendy Colyn (Kring 3 Hoof); Bertram Loriston (Direkteur van die Overberg Onderwysdistrik); Rdh. Rudolph Smith (Uitvoerende Burgemeester: Overstrand Munisipaliteit en voorsitter van Hermanus Hoërskool se Beheerliggaam); Greg Hassenkamp (Skoolhoof Hermanus Hoër); Elsa Strydom (Conrad se moeder) en Conrad Strydom (2016 Top Matrikulant in die land).

UITSLAE

Hermanus Hoërskool het 'n 100%-slaagsyfer behaal en die topleerder in Suid-Afrika opgelewer. Die leerders het uitgeblink met 27 A-gemiddeldes, 31 B-gemiddeldes en 56 C-gemiddeldes.
Curro Hermanus spog ook met 'n 100%-slaagsyfer en is as die toppresterende skool in IEB binne die Curro-groep bekroon.
Northcliff House Kollege is net so trots op hulle 100%-slaagsyfer.
Qhayiya Sekondêre Skool in Zwelihle het ook baie gehad om te vier, aangesien hulle matriekslaagsyfer van 80,6% na 88,5% verbeter het.
Gansbaai Akademie het 'n 95,18%-slaagsyfer behaal. Hulle topstudent, Analo Yawa wat in 2014 die Junior Onderburgemeester was, het ses onderskeidings behaal en was die eerste leerder in die skool se geskiedenis wat 'n gemiddeld van 80% en hoër verwerf het.
Hawston Sekondêre Skool het 'n slaagsyfer van 73,5% behaal.

ONWETTIGE STORTING WEK ERNSTIGE KOMMER

Overstrand is een van die gebiede in die Wes-Kaap wat die ergste geraak word deur veldbrande, 'n natuurlike verskynsel in die somerseisoen.

As die weer warm, droog en winderig is, kan 'n klein vuurtjie binne 'n oogwink 'n bedreiging vir lewe en eiendom inhou. Sekere alledaagse produkte wat met normale gebruik redelik skadeloos is, kan verander in dodelike materiaal wanneer dit aan die intense hitte van 'n vuur blootgestel word.

"Daar is gewoonlik drie elemente wat nodig is om 'n brand te laat ontstaan: brandstof, suurstof en 'n bron van ontsteking. Dit is byna onmoontlik om kontak tussen suurstof en brandstof te vermy, maar deur gereeld afval in ons woonbuurte op te ruim, kan ons beslis brande voorkom," het nuutaangestelde Assistenthoof van Wetstoepassing, Johan du Toit, verduidelik.

Rommelstrooiing en die onwettige storting van afval is steeds 'n groot bron van kommer as gevolg van onoordeelkundige en onwettige aktiwiteite, skade aan die omgewing en hoë opruimingskoste.

"Solank as wat mense dink hulle kan daarmee wegkom, sal hulle voortgaan om afval te stort," het Du Toit gesê.

Gesamentlike opruimingsinisiatiewe deur wetstoepassers en die munisipaliteit se afvalbestuurspan fokus op voorvalle van onwettige storting deur boetes en opruimingskennisgewings uit te reik.

Ons moedig inwoners aan om enige voorvalle van onwettige storting by die Overstrand-beheerkamer by 028 313 8000/8111 aan te meld. Vir dag-tot-dag klagtes rakende wetstoepassing, skakel 028 313 8980.

Stuur andersins 'n e-pos na enquiries@overstrand.gov.za met die ligging of adres en enige ander inligting wat sal help om die persoon te identifiseer wat die afval gestort het.

Onthou: Onwettige storting is 'n strafregtelike oortreding. Skuldiges sal beboet word.

Saam kan ons onwettige storting stopsit en ons woonbuurte skoon hou.

OVERSTRAND MUNISIPALITEIT BEHAAL SKOON OUDIT VIR 2015/16

Met die voorlegging van die 2015/16 Jaarverslag op die Spesiale Raadsvergadering gehou op Maandag, 23 Januarie 2017, het Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith aangekondig dat Overstrand se 'n skoon oudit behaal het, te danke aan die toewyding van die personeel van Overstrand Munisipaliteit.

Die Burgemeester het 'n beroep gedoen dat grondige beginsels van korporatiewe bestuur gehandhaaf word sodat Overstrand Munisipaliteit deurlopend skoon ouditresultate en menings behaal wat tot die gemeenskap se bevrediging is.

Die Burgemeester, Onderburgemeester en Speaker het namens die Raad die ouditverslag ontvang en verwelkom, en het bevestig dat hulle sal voortgaan om ter volhouding, handhawing en behaling van 'n skoon oudit 'n kultuur van eenheid, kohesie en verdraagsaamheid in hul samewerking met munisipale bestuur te kweek.

Hermanus verwelkom Trans Enduro -deelnemers

Elke jaar onderneem die SANW se junior offisiere wat aan die Militêre Akademie in Saldanhabaai studeer 'n elf-dag reis oor land en see vanaf Port Elizabeth na Saldanha om fondse vir liefdadigheid in te samel en langs die pad gemeenskapswerk te doen. Hierdie ikoniese uithourit, bekend as *Exercise Trans Enduro*, is daarop gemik om die junior korps se leierskapsvaardighede te ontwikkel en hul kennis van die praktiese probleme ten opsigte van gemeenskapsdiens te verbreed.

Hermanus was die tweedelaaste stop op hul reis, en op Vrydag 2 Desember 2016 het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester, Rdh. Rudolph Smith, die eer gehad om die deelnemers te verwelkom voordat hulle afgesien is op hulle laaste skof na Houtbaai.

Die Burgemeester het in sy verwelkoming die studente aangemoedig om uithouvermoë te hê in alles wat hulle doen. Hierdie sentiment is beaam deur Brigadier-Generaal L.K. Mbatha wat bygevoeg het dat die junior offisiere altyd moet poog om vir Madiba, 'n ikoniese figuur wat met nostalgie deur baie onthou sal word, na te streef.

Die 200 deelnemers wat aan die 2016-wedloop deelgeneem het, is in twee spanne met verskillende fokusareas verdeel: Diegene wat van dorp tot dorp fietsgery of gedraf het (die landspan), en diegene wat per rubberboot langs die kus gereis het (die seespan).

Die span het langs die pad strate en woonbuurte opgeruim, skoolgeboue geverf en ouetehuise besoek. In Gansbaai het die seespan besoek afgelê by kleuterskole in Masakhane, waar hulle met die kinders sokker gespeel en 'n partytjie gehou het.

Alle fondse wat deur *Exercise Trans Enduro* ingesamel word, sal geskenk word aan die Universiteit Stellenbosch se gemeenskapsontwikkelingsprojekte onder leiding van Matie Gemeenskapsdiens en MASIZA, die Militêre Akademie se eie gemeenskapsdiensorganisasie.

Die burgemeester van elke dorp skryf tradisioneel 'n kort brief van welwillendheid aan die burgemeester van die volgende dorp. Hier oorhandig Uitvoerende Burgemeester Rudolph Smith sy brief van welwillendheid aan die bevelvoerder van die oefening, Kaptein Gangashe, wat dit by hul aankoms in Houtbaai aan 'n verteenwoordiger sal gee. Ook in die agtergrond (regs) is Brigadier-Generaal LK Mbatha en Kapelaan Nkuzo.

En daar gaan hulle! Die fietsryspan trap weg uit die nuwe hawe in Hermanus op die laaste skof van hul uithourit: Bestemming Houtbaai ...

UITNODIGING VIR KOMMENTAAR OP DIE HERSIENING VAN DIE OVERSTRAND MUNISIPALITEIT VERORDENING OP MUNISIPALE GRONDGEBRUIKBEPLANNING, 2016, DIE OVERSTRAND MUNISIPALITEIT SONERINGSKEMA, 2013 EN DIE INKORPORASIE VAN DIE OORLEGSELSONE

Volledige besonderhede oor die beoogde hersienings is op weeksdae tussen 08:00 en 16:30 ter insae beskikbaar by die Departement: Stadsbeplanning, Patersonstraat 16, Hermanus; die kantore van die Areabestuurders in Gansbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond; alle openbare biblioteke in die Overstrand; die Munisipaliteit se korporatiewe hoofkantoor in Hermanus asook op die amptelike webwerf by: www.overstrand.gov.za. *Let asseblief daarop dat die tydperk vir die lewering van kommentaar verleng is van die oorspronklike sluitingsdatum van 5 Februarie 2017 na 1 Maart 2017.*

Overstrand Arts/Kunste (OAK) sal Sondag, 12 Februarie 2017 'n konsert van lieder en opera aanbied met mezzosopraan Jolene McCleland en Suid-Afrikaanse Wenen-aangeskrewe pianis Ilse Schumann. Albei kunstenaars is in Wenen gesetel. Schubert, Van Wyk, Obradors, Sieczynski, Bernstein, Webber, Le Roux Marais, Stoltz en Rossini is slegs 'n paar van die komponiste van liedere wat gesing sal word.

Die konsert sal by die Burgerlike Ouditorium gehou word en begin om 15h30. Kaartjies (R130 en R60 vir studente) is by BELLINI by 028 312 4988 of by die deur beskikbaar. Skakel René du Plooy by 082 940 4238 vir verdere inligting.

Jolene McCleland

Ilse Schumann

Om klimaatsverandering te beperk is almal se besigheid - joune ook

Ons Omgewing is in ons hande

Diegene wat gelukkig genoeg is om Overstrand hul tuiste te noem, asook diegene wat gereeld ons omgewing besoek om die oorvloed van die natuur te geniet, is verplig om te help om hierdie stukkie paradys wat vir ons soveel vreugde bring, te bewaar.

Daar is natuurlik baie "amptelike" programme in plek om die impak van klimaatsverandering te beperk en om die natuurlike omgewing teen agteruitgang en misbruik te beskerm. As die ware "begunstigdes" van die natuurskoon wat ons omring, kan ons egter nie net terugsit en dit aan die amptenary en vrywilligers oorlaat om hierdie juweel vir die nageslag te bewaar nie.

Ons moet almal ons deel doen.

Dit klink dalk ingewikkeld om by omgewingsbewaring betrokke te raak, maar dis heel eenvoudig. Jy moet net 'n paar omgewingsvriendelike gewoontes aanleer om 'n betekenisvolle bydrae te lewer:

- Moet nooit plastiekstrooitjies gebruik nie. Dit is 'n totale vermorsing en 'n algemene oorsaak van besoedeling.
- Hou altyd 'n herbruikbare inkopiesak byderhand. Hou een in jou sak en los 'n paar in jou voertuig.
- Vermy persoonlike-sorg-produkte wat plastiese mikrokrale bevat.
- Vermy oormatig verpakte produkte. As jy regtig geen ander keuse het as om so 'n produk te koop nie, maak seker dat jy soveel as moontlik van die verpakkingsmateriaal herwin om onnodige druk op stortingsterreine te vermy.
- Moenie water mors nie. Gebruik afvalwater om jou tuin nat te maak.
- Sê "nee" vir gebottelde water. Dit is heeltemal veilig om Overstrand se kraanwater te drink ons Blou Druppel-status getuig van die feit.
- Moenie jou sigaretstompies op die grond gooi nie. Dit eindig dikwels in die see waar voëls en ander diere van die oseaan dit met kos verwar.

Jy kan natuurlik ook jou vrywillige dienste aanbied om met skoonmaak in jou area te help - besoek Whale Coast Conservation by http://whalecoastconservation.org.za vir meer inligting oor huidige projekte.

Almal is dit eens: Tyd loop uit vir die natuur. Hoe gouer ons almal ons deel begin doen, hoe beter.

Addisionele hof se *volgehoue sukses*

Ten spyte van die feit dat die Addisionele Hof vir Munisipale Sake oor die feesseisoen nie daagliks in sitting was nie, was dit altyd beskikbaar om sake aan te hoor om die publiek te akkommodeer en mense te vervolg wat hulself in die openbaar wangedra het.

Daar was 322 sake op die rol vir Desember 2016, waarvan 257 verkeersoortredings en 65 sake was wat met die oortreding van verordeninge verband gehou het. Sekere lede van die publiek moes uitstaande sake teen hulle afgehandel kry voordat hulle hul rybewyse kon hernu of hul voertuie kon registreer.

'n Hoë suksessyfer is behaal met individue wat vervolg is vir die nie-nakoming van verordeninge. Byvoorbeeld, huise in aanbou wat vir 'n lang tydperk stilgestaan en 'n veiligheidsrisiko veroorsaak het, is nou in die proses van voltooiing.

'n Groot aantal dagvaardings is beteken op mense wat kennisgewings van die Brandweerdepartement geïgnoreer het om hul erwe skoon te maak vanweë die brandgevaar wat dit inhou. Die meerderheid van hierdie eiendomme is skoongemaak. Die hof was baie toegeeflik en die oortreders is nie beboet nie, maar as die oortreders in die toekoms weer strydig is, sal swaar boetes opgelê word.

Verskeie mense wat alkohol op straat gebruik het, is gedagvaar om in die hof verskyn en indien hulle skuldig bevind word, sal hulle beboet word. Wetstoepassingsbeamptes het dus gesorg dat ons dorp 'n veilige en aangename omgewing vir ons inwoners asook die vakansiegangers bied.

Die Addisionele Hof vir Munisipale Sake, in samewerking met al die lede van Wetstoepassing en die Verkeersdepartement, kon gedurende Desember 2016 daarin slaag om die gemeenskap te dien deur te verseker dat wet en orde gehandhaaf word. Die uiteindelike doel van hierdie hof is nie om te vervolg nie, maar eerder om die gemeenskap op te voed en sodoende 'n wetsgehoorsame samelewing te skep.

Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Hoe om te registreer vir die Munisipaliteit se SMS-diens

SMS jou rekeningnommer met die letters **SMS na 082 338 1631** of kontak 'n Kliëntediens Beampte by jou naaste betaalkantoor.